Sesde uitgawe - 2012

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 084 625 9761
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Otto Koekemoer Martin Kruger Johan Els

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van ons voorsitter	1
Briewe bus / vra is vry	2
Vergadering 2 November	5
Fluit fluit	12
Terugvoering	16
Hints for beginners	19
Vergadering 1 Desember	21
Lede profiel	23
Inheemse boom	24
Kalender	26

Van ons voorsitter.

Nog 'n jaar het verby gevlieg.

Ai, die tyd gaan vinnig verby. Dit voel soos gister wat ek die laaste jaar-eind brief geskryf het. 'n Mens dink nog jy het baie tyd om oor te plant dan is dit ook verby en jy sit met 'n klomp bome wat nog geplant moet word.

Weereens het ons Kai 'n goeie jaar gehad waaroor ons dankbaar is. Hoogte punte was daar baie. Van hulle was die getal lede van ons Kai wat die BRAT dae bywoon. Die uitstekende praaitjies en demonstrasies wat ons lede by elke vergadering lewer. 'n Mens kan sien dat baie tyd en moeite gedoen en ingesit word met die voorbereiding. Dit is verblydend om die entoesiasme van die lede by elke vergadering te sien, by die werkswinkels voor die tyd waar almal saamdrom om te sien wat gedoen word tot in die saal gedurende die demonstrasies waar vrae gevra word, wat wys dat die belangstelling om te leer en kennis op te doen nog sterk is. Al die dinge wys net weereens dat ons Kai 'n besonderse Kai is. Daar is lewe in die Kai!

Een van die laagte punte was natuurlik toe ons weer een van ons lede aan die dood afgestaan het. Ben was 'n stil mens wat nie veel gesê het nie, maar wanneer hy gepraat het, het jy geluister. Dan ook die verlies van Marianne se seun wat in 'n ongeluk gesterf het. Ons wil weereens vir Marianne-hulle en Ben se familie sterkte toebid.

Dan wil ek dankie sê vir almal in die Kai wat altyd bereid is om hand by te sit as iets gedoen moet word. 'n Mens hoef nie meer te vra vir hulp nie, almal spring in en help uit vrye wil.

Ek wil net vir Charles baie dankie sê vir al die opleiding wat hy by sy huis vir die lede gee. Die beginners kursus tot die verskillende gevorderde kursusse. Dit word waardeer wat jy doen.

Die van julle wat op vakansie gaan, ry veilig en geniet dit. Maak net seker dat daar iemand is wat na die bome kan omsien en as daar probleme is, vir wie hulle kan kontak om te help.

Dan wil ek net laastens vir almal 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toewens. Mag al julle wense en voornemens waar word en mag julle bome al mooier word.

Org

Briewe Bus / Vra is Vry

Dear Mr. Org Exley,

Warmest greetings from southern France!

I'm writing to represent Mr. Giang L.S. Nguyen, an artist in France who has just launched an online shop featuring his artisanal miniature bonsai figurines that might be of interest to you and your clients.

Heir to a tradition of Penjing and trained as an aquaculture engineer, Giang has been specializing in training Bonsai techniques from seedlings, cuttings, layering to grafting for more than 22 years in France.

Currently, Giang is focusing on his main activity of creating unglazed figures or mudmen bonsai figures, another art associated to Bonsai-penjing for over 1400 years. The figures are made in stoneware clay and baked between 1000 and 1250 ° C. Each piece is unique and bears the seal of the author.

Giang's handmade clay figurines are exclusively sold on his Etsy shop www.lotusbonsaistudio.etsy.com for the time being.

Please feel free to visit his official website at: www.lotus-bonsai.com Or "Like" his Facebook page at: www.facebook.com/pages/lotus-bonsaicom/116587378481727

Thank you.

Warm regards,

Meliana Salim

Briewe Bus / Vra is Vry

Dear Org,

My name is Nicholas West and I would like to try my hand at growing bonsai from seed. I am struggling to find information with regards to the whole process. What needs to happen once the seeds sprout? When does the training of the tree start? Are there any specific soil requirements when growing bonsai trees?

Kind regards,

Nicholas J. West
University of the Witwatersrand, School of Electrical and Information Engineering

Hi Nicolas,

Growing Bonsai from seed is a very long process. The first thing you need to look at is finding seeds of trees that will work for Bonsai. Then you need to establish how to germinate the seeds. Some need boiling water poured over them, some need to be kept in the fridge for a certain period of time. After all this and you have the seeds growing, depending on what time of the year it is, you remove the seedlings from the tray, remove the tap root and plant each seedling in its own container. At this stage you need to decide on the style. For instance, if you want to grow a broom, you need to find a tree with a straight trunk to start off with, for slanting or informal, you want the bottom part of the tree at a slant.

Depending on the size of the tree you want to grow, if it is a small tree you can start within a year or two. For a tree with a thick trunk you will have to leave it in a growing pot to thicken first before starting. You need a free draining soil and you need the feed the trees quite often.

The fastest way to learn and get the information required is to join a club. Our club is in Pretoria and then you have a few clubs in Johannesburg.

I hope the info supplied will help. If you need more info feel free to contact me again.

Regards,
Org

Briewe Bus / Vra is Vry

In die vorige nuusbrief het Christa Nel fotos van ’n Karee gestuur en raad gevra oor die spesifieke boom. Onder is wat ontvang is van Hansie Bekker:

Middag Jaco

Die blare lyk ook vir my na die gewone Karee (Rhus lancea) of dalk die Witkaree.

My ervaring is dat die takke baie moeilik buig. Ek het ‘n boompie (+-1.5cm dik) op ‘n keer bedraad vir ongeveer 8 maande en toe ek die draad afhaal, spring hy weer reguit. Ek het die stam later gesny en weer bedraad om hom vorm te gee. Dunner en jonger takkies reageer wel op bedrading as jy nie haastig is nie. Knip-en-groei dalk ‘n oplossing hier.

Ek sal graag wil hoor wat die ander mense se ervaring met die Rhus lancea is as jy terugvoering kry. Ek weet nie of daar baie is wat R. lancea as bonsai het nie.

Groete

Hansie Bekker

Alex Daneel send in the following:

Dear all

This plant that we have in our homes and offices is extremely dangerous!

This plant is common in Rwanda, Uganda in plant nurseries, many offices and homes. It is a deadly poison, mainly for the children. It can kill a kid in less than a minute and an adult in 15 minutes. It should be uprooted from gardens and taken out of offices. If touched, one should never touch one’s eyes; it can cause partial or permanent blindness.

Please alert your buddies.

Vergadering van 2 November 2012

Van een tot twee was daar weer lekker aan bome gewerk en gestyl.

Johan Els gave a very interesting talk on what is required on a “dig”. On the next two pages (one Afrikaans and one English) you can read what he said. Continue on pg 6.

Vergadering van 2 November 2012

MERKE GEREED GROU!

HIER IS `N PAAR RIGLYNE OOR WAT NODIG IS VIR `N SUKSESVOLLE UITGRAWING ASOOK DIE OORLEWING VAN DIE UITGEGROUDE BOOM (E)

GEREEDSKAP:
Regte Klere - Langbroek(denim), hoed, handskoene, reënjas (indien nodig), skoon/warm klere en goeie toe skoene (Hi-tech tekkies/stewels)
Eetgoed
Water - vir jou en vir bome
Insek weerder
Noodhulp kissie
Sonblok
Toilet papier
Grou toerusting– graaf, bospik, boogsaag, snoeisker, koevoet, “digging tool” en seël middel(houtlym)
Houers vir bome - Plastiek sakke, houers, streep-sakke of hessian
Rugsak

DIE UITGROU SESSIE:
Vra uit oor boomsoorte, beplan wat jy wil hê
Seniors is beskikbaar vir hulp en bystand
Kyk vir bome met mooi lyne (raamtakke)
Groot bome is die onderste 50cm die belangrikste
Klim in !!!!
Sny terug
Grou uit sowat 40-50cm rondom stam
Sny terug om Raam te wys (kleiner bome - raamtakke + sytakke)(groter bome - raamtakke belangrikste)
Seël alle snitte met verseëllaar
Hou bietjie loof aan jou boom veral by Sekelbos
Gebruik van vrugbare grond in die omgewing
Maak skoon waar jy gegrou het

UIT EN TUIS:
Gooi stukkies Wilge takkies en blare, Disprin, Vanila geursel of “Organicure” (Verkrygbaar by Duncan Wiles) in ’n groot houer of bad met water. Laat staan bome oornag in water mengsel
Snoei die wortels terug na so +- 15-20cm of so groot as wat jou pot sal wees (snoei groot dik wortels nou hard terug anders gaan dit probleem voorentoe wees)
Wanneer jy boom plant werk grond goed tussen wortels in om lugleegtes te voorkom
Maak goed nat
Bome met loof moet nie in vol son staan vir +/- 2 weke nie
Moenie die boom vir ongeveer 1 jaar weer herplant of todat dit baie sterk groei nie

BO ALLES GENIET DIT

vervolg op bl 7.

Vergadering van 2 November 2012

READY STEADY DIG!

HERE ARE A COUPLE OF GUIDELINES ABOUT WHAT YOU NEED FOR A SUCCESSFUL DIG AS WELL AS THE SURVIVAL OF THE EXCAVATED TREE(S)

EQUIPMENT:
The right clothing - Trousers (denim), hat, gloves, raincoat (if necessary), clean/warm clothing and decent shoes (hi-tech tekkies /boots)
Food
Water - for you and your trees
Insect repellent
First aid kit
Sun block
Toilet paper
Digging equipment - Spade,"Bospik", bowsaw, secateurs, gwala, digging tool and sealant (Wood Glue)
Containers for trees - Plastic bags/containers or hessian (optional)
Back pack

THE DIGGING SESSION:
Ask about tree types, plan what you want
Seniors are available for help and assistance
Look for trees with good lines (frame)
Large trees - the bottom 50cm of the stem is of utmost importance
Get in there!!!!
Cut back
Dig about 40-50cm around the stem
Cut back to show frame (Smaller trees - frame + secondary branches) (Large trees - frame of utmost importance)
Seal all cuts with sealant
Keep some greenery on your tree especially with Sekelbos
Use some of the nutrient rich soil in the area if available
Clean your digging site

@HOME:
Scatter pieces of Willow branches and leaves, Disprin, vanilla essence or "Organicure" (Available @ Duncan Wiles) in a large container or bath with water
Leave trees over night in water mixture
Cut back the roots to 15 -20cm or as big as your container will be (big fat roots will be a problem in future sort it out as soon as possible)
When planting the tree ensure that the soil engulfs all the roots and no air pockets forms between them
Water thoroughly
Trees with greenery must be placed in shady area for +/- 2 weeks
Do not transplant the tree for approximately 1 year or until it is growing vigorously

ABOVE ALL ENJOY IT

continue on pg 8

Vergadering van 2 November 2012

While Johan talked us through the tricks of digging trees, Org worked on some trees that he dug some time ago. Above and below are Wild Olive that Org dug in the Magaliesberg last year (2011), round about March / April. The pictures on the left is before styling and on the right after styling.

Vergadering van 2 November 2012

This is a Mexican Hawthorn that Org dug in Hogsback in the Eastern Cape. Johan is seen giving some advise and moral support.

Org also worked on a Buddleja. The Buddleja was a demonstration tree that Org used during a carving demonstration at the meeting of 7 January 2012. You can see some pictures of the tree on page 16. ♣

Snippets

Our Environment.

Be Print wise - The average office worker can go through 10,000 sheets of paper a year. Make it a habit to print on both-sides or use the back side of old documents for faxes, scrap paper, or drafts.

This will safe thousands of trees and the environment.

Inspirasie uit die natuur

Peet du Plooy het hierdie boom afgeneem in Namakwaland. Dit is een van die Alwyn spesies.

Ons mag dalk krities wees oor so ’n styl in bonsai (lollipop), en tog sien ons hier ’n pragtige voorbeeld in die natuur. Indien die natuur ons voorbeeld is kan ons dit sekerlik naboots in bon-sai.

Snippets

This article appeared in the "Centurion Rekord", which is the local newspaper of the Centurion and surrounding areas.

www.rekord.co.za

The Juniper Bonsai tree of Pierre van Ryneveld resident, Nathaniel Minnaar that was stolen from his garden was returned to him recently.

Bonsai returns home

Suzette van Huyssteen

The Bonsai tree is back where it belongs - thanks to the help of a strict mother.

Pierre van Ryneveld resident, Nathaniel Minnaar, gave a sigh of relief after his stolen Juniper Bonsai tree was returned to him recently.

It appears that the 'theft' had been a prank by some children in the area.

"After *Rekord* placed an article regarding my tree that had been stolen, a few children knocked on my door, accompanied by a woman. I supposed it was their mother and they returned my tree. I was truly surprised and extremely thankful."

Minnaar added that he offered the cash reward he had promised but the woman did not want to accept it.

"I just feel relieved and thankful that our community pulled together and helped me. Thank you to the community and to *Rekord*. My trees are like children to me. If we can stand together like this in all aspects of being a community we could do much more, not to mention fighting crime together." According to Minnaar despite the ceramic pot that broke, only a small branch of the tree was broken as well.

"All in all my tree is in good shape and with much love and attention it will be back to normal in no time. Once again I would like to thank the woman and children for returning it."

Fluit-fluit die jaar is uit—deur Dr Pieter Loubser

(’n Paar Los gedagtes)

Nee, dis nie Riaan Cruywagen se fluit-fluit nie. Dis net 2012 s’n. En dit beteken ons gaan nou die tyd van die jaar binne waartydens dit lyk of spandabelrigheid oorneem. En dan staan dit in sterk kontras met die eenvoud en armoede wat ons daagliks sien en in religieuse kringe as norm voorgestel word. Bonsai het ook so’n boodskap. Ons probeer om met min baie te wys. Uitspattigheid is nie die maatstaf nie. Dink aan hierdie raad: ”As jy baie besit, gee van jou besittings; as jy min het, gee van jou hart”.

Jy het byvoorbeeld ‘n stukkie plantmateriaal wat 50 cm hoog is en jy probeer (en kry dit reg met wisselende mate van sukses) om ‘n boom uit die natuur te vergestalt. Hou die onderste foto se bak met een hand toe en verbeel jou die werklikheid van die boom op die kliprandjie! Danksy BonsaiBark.

Oorspronklik was my idee om aanhalings van individue te gebruik in ‘n reeks artikels, om lewenswaarhede en bonsai bymekaar te bring, soms ernstig, maar meer kere in ligter luim. Vandag wil ek net ‘n klompie Afrikaanse gesegdes (gewoonlik onbekende bronne) gebruik.

Hierdie tyd van die jaar het weens sosio-humanistiese invloede ‘n impak op ons. Ons wil ontspan. Ons wil rus na ‘n jaar se werk. Ons wil besin (oor wat was en wat kon gewees het). Ons wil kuier. Ons wil feesvier. Intussen is dit groeityd vir die bonsai en ons kan nie daardie werklikheid wegwens nie. Jy kan nie die bome eenvoudig met rus laat nie. Die woord “vrede” word gereeld gebruik en ek wens dit vir almal toe want dit het “soos die more van goeie ou wyn in my siel neergeslaan”. Maar, nou ja, omdat die jaar lank was, is ek tans, soos vele ander mense “so lus vir werk soos vir kasterolie”.

Ons beleef baie reën in dele van die land en min in ander. As dit te warm is, groei bonsai nie veel nie. Jy kan groei aanmoedig met swaar snoei of drastiese stappe soos ontblaring, maar dis riskant in hierdie laaste en daarna die eerste maand van die jaar. Gee jy te veel water om te kompenseer, kry jy te lang verswakte takke. Maar dis blaartyd en ek lees hierdie een: “ Ek het geleer om liefde in die blaar van ‘n boom te sien”.

Vervolg op bl 13

Fluit-fluit die jaar is uit—deur Dr Pieter Loubser

Oor ‘n paar maande beleef ons die wonderlike kleure van herfs. Uit Wim Fourie se blog kom:
“ Daarom is herfstyd my vriende-uitreik en -verlangtyd. Ek wil wéét van die blaarbure om my. Hoe hul dans verloop”.

En steeds kom die vraag in my eie gedagte op, te wete: hoekom doen ek bonsai? Is ek effe of meer gek? En die klompie ander verslaafdes saam met my? En toe lees ek wat Koos Kombuis te segge het oor so’n geneigdheid: “ 'n Mens word nie vanself mal nie. Jy word verlei tot malheid”. En as ek die boom in die foto in iemand se tuin doer êrens in Indonesië of omstreke sien, moet julle maar my “malheid” verskoon!

Vervolg op bl 14

Fluit-fluit die jaar is uit—deur Dr Pieter Loubser

En die braaivleisvure gaan knetter en die vet gaan spat en die voggies gaan loop (welke vorm daarvan jy ookal verkies). My broer (‘n proffie in opvoedkunde met ekologie as basis) het aangeraai dat ons liefs “Brikette” gebruik, omdat dit uit mieliestronke en afvalhout gemaak word. Dink daaraan! Wat gebruik jy om die vuurtjie mee te maak? Afgekapte Bosveldhout? ‘n Spesie wat uitgeroei moet word, of die geliefde Buddleja soos jare gelede? En pasop as jy wil vuurtjie aansteek en moet sê: “ Die duiwel kan my lewer gebruik as Blitz”. Toe soek ek verder op daardie spoor en kom hierdie een teë: “Gister vind ek MOS uit drank is my baas! Nóú werk ek lekker!” Gelukkig is daar meer of minder nugtere denke hieroor, met raad soos : “Moenie drink en bestuur nie, suip en kruip” of “Moet asseblief nie drink en bestuur nie, stop eeder en vat ‘n slukkie.”

Wat is ‘n lewe werd? Ek weet nie. Dis onmeetbaar en ons dink aan meer as een persoon in bon-saikringe (sonder om name te noem) wie se lewens kortgeknip is (te kort) die afgelope klompie jare. Van hul lewens kan ons sê: “Dis wanneer ons onsself vergeet dat ons dinge doen wat verdien om onthou te word”. En met weemoed kan ons dink dat ”dis net wanneer kappertjies gekneus word, dat hulle hierdie heerlike geur kry”.

Ons moet kophou en keer dat daar van ons gesê word dat dit “lyk of iemand jou hare met ‘n mes en vurk gesny het ” en jy dan moet verdedig met “moenie nou kyk nie, ek het ook maar voete van klei”. Bonsai staan in bakke van klei (meestal). Maar sommige kreasies kan lyk na die hoofpyn om 7h00 op die eerste Januarie. Dis so “deurmekaar soos ‘n vlooi op ‘n warm stoofplaat”.

Vervolg op bl 15

Fluit-fluit die jaar is uit—deur Dr Pieter Loubser

Maar hebbe geduld. Bonsai gaan oor geduld, hoewel ek hierdie een ook gelees het: ”Geduld is ‘n stadige manier om jou moer te strip”. Hierdie wonderlike taal draai nie doekies om nie en met end van die jaar en die nuwe jaar se feeste in gedagte, wys ek graag hierde Suiseki van Hirotoshi Ito.

Ons kan hoor wat Langenhoven oor vriendelikheid sê: “ Verbeel jou ‘n wêreld sonder skaterlag, sonder eens ‘n glimlag. ‘n Hemel op aarde, sal die Fariseër sê. Uit so’n hemel sou ek wegloop hel toe”. Ek, persoonlik, wens ons kon almal besef dat die ”kortste pad tussen twee mense ‘n glimlag is”.

Liefde en groete en goeie wense vir 2013

Pieter Loubser

TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKELBOME.

Gedurende die vergadering van 7 Januarie 2012 her Org gewys hoe hy kerf werk op dooie hout doen. Onder is die boom terwyl en nadat Org aan hom gekerf het.

Gedurende die vergadering van 2 November 2012 het Org aan dieselfde Buddleja as bo gewerk as demonstrasie van bome wat uitgegrawe is. Links onder kan gesien word hoe die boom gegroei het sedert 7 Januarie (10 maande) en regs onder nadat Org hom gestyl het.

Vervolg op bl 17

TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKELBOME.

Gedurende die vergadering van 6 Februarie 2010 was die tema die “Turtle back” en “clump” styl. Johan Els het ’n Olienhout gestyl. Die onderste twee foto’s is in die eerste uitgawe 2010 gewys, voor en nadat Johan die boom gestyl het.

Die onderste foto is van dieselfde boom en is geneem op 13 Desember 2012, dus 2 jaar en 10 maande later. Johan het sedert 6 Februarie 2010 die dooie hout gekerf. Die lig groen blaartjies is Witstinkhout wat opgekom het.

Vervolg op bl 18

TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKELBOME.

Gedurende die vergadering van 6 Februarie 2010 was die tema die “Turtle back” en “clump” styl. Brandon Roode het ’n Buddleja gestyl. Die onderste twee foto’s is in die eerste uitgawe 2010 gewys, voor en nadat Brandon boom gestyl het.



Die onderste foto is van dieselfde boom en is geneem op 13 Desember 2012, dus 2 jaar en 10 maande later.

Hints for Beginners.

The times we live in expects us to grasp a principle or to master a skill within predetermined periods of time and any deviation from the norm is usually frowned upon. Thus we are conditioned—almost from birth—for a lifetime to be chasing ever receding horizons of maximum performance.

Unfortunately this demand for an optimal result/time ratio has its effects on our leisure occupations as well, and often is the cause of much frustration and despondency if the target set takes too long to achieve.

Having decided to grow bonsai, we must revise the values we normally attach to our individual result/time proportion. In this age of instant coffee, instant soup and instant pudding, it still remains impossible to create instant bonsai. Therefore, the first skill we should develop is the practice of a virtue which nowadays seems to have become outdated: namely PATIENCE. We should except that, having made a start, it will take many seasons before our trees reach maturity. If we are already past middle-age, it is almost certain that our bonsai will outlive us, and that hopefully those who follow us will carry on the work.

Nevertheless most of us desire to catch up somehow with 20 or 30 year old collections and, because it is the style and grooming that are important, and not the age of the tree, there is no reason why we should not share the intense satisfaction of growing beautiful bonsai.

We all owe much to the advice given so freely by those who have started before us, but nobody ever seems to warn beginners against the most obvious pitfall of all: “beginner’s mania!”.

Following is some do’s and don'ts which could be handy:

- Collect only as many bonsai as you can properly care for. Your trees will require almost daily attention, especially during the growing season. Go for quality, not quantity, because the art of bonsai growing has to be performed leisurely, with concentration and at nature’s pace. It must remain a pleasurable occupation and may not become a burden.
- Limit a starting collection to no more than twelve trees, adding gradually as you become more experienced.
- Avoid the ‘I want one of those too’ syndrome. It is not the species that counts but the style and grooming of the trees you have.
- Decide what you expect from your bonsai collection. Are you going to be satisfied with just a number of “tree in pot’s”, or are you keen to express your appreciation of beauty in a living form?

Continue on pg 20

As beginner, do not start with to many trees.

Hints for Beginners.

- Apply yourself to learning as much as possible about botany in general, trees in particular and the art of bonsai specifically.
- Ask for advice. Somebody once wrote: “Experience is the cheapest commodity of all, if we’re clever enough to obtain it second hand!”
- Confine yourself at first to the easier basic styles. On these styles, master the spacing of primary, secondary branch-and –root structures, landscaping and foliage geometry.
- Resist the urge to create ‘instant bonsai’ by cutting older roots too drastically. Plan the operation as a progression over a number of years and use a larger pot than required.
- Do not collect trees that are not frost resistant unless you have the facility to protect them from the cold.
- Shape young trees and branches preferably by pruning. The process is slower but more effective than wiring. Hollow out all wounds and apply tree seal.
- Feed your trees adequately during the growing season.
- **Enjoy the journey!**

♣

STRAIGHT LINES ARE UNNATURAL IN ANY DECIDUOUS TREE AND MOST CONIFERS. INTRODUCING BENDS AND ANGLES—BY WIRING OR PRUNING—WILL ONLY DELAY ACHIEVING THE DESIRED SILHOUETTE BY A SEASON OR TWO, BUT THE TREE WILL BE SO MUCH BETTER FOR IT.

Vergadering van 1 Desember 2012.

Ons het ’n baie suksesvolle, leersame en sommer net lekker jaar afgesluit deur aan bome te werk en heerlik saam te braai, eet en kuier.

Vergadering van 1 Desember 2012.

Lede profiel—Johan Els.

Johan is al ’n paar jaar een van die kai se bestuurslede. Die lede wat gereeld vergaderings bywoon sal ook weet dat hy al verskeie kere demonstrasies by vergaderings gedoen het.

Johan is ’n kaptein in die Polisie en verantwoordelik vir onderhoud op Polisie geboue. Johan en sy vrou, Jolanda, is al 11 jaar getroud en hulle het een seun van 7 jaar oud.

Johan sê dat hy as hoërskool kind ’n artikkel oor bonsai in ’n tydskrif gelees het en dit het sy belangstelling geprikkel. Sy ma het toe vir hom Doug Hall se boek gekoop waarna hy op sy eie gepoog het om bonsai te beoefen. In 1994 het hy met Charles en die Pretoria bonsai kai kennis gemaak. Hy moes egter skofte werk in die polisie en kon baie min vergaderings bywoon. Nadat hy in 2001 ’n kantoor pos gekry het het hy begin om gereeld vergaderings bygewoon.

Johan se eerste boom was ’n Koraal boom wat hy van saad gekweek het toe hy in standard agt was. Hy het vandag nog die boom, en alhoewel dit nie sy mooiste boom is nie is hy verstaanbaar baie lief vir die boom. Sy gunsteling boom is ’n Olienhout, dit is die boom op die foto saam met hom.

Johan sê dat die oomblik dat hy aan sy bome werk word hy rustig. Veral na ’n baie moeilike dag is dit baie terapeuties om aan sy bome te werk. Hy het eenkeer uit ongeduld ’n tak gebreek en toe besef dat hy baie kalm en rustig aan sy bome moet werk. Johan het so 100 bome wat bonsai of amper bonsai is. En seker net soveel wat langtermyn projekte is.

Johan se gunsteling bome is die Wilde Vy asook die Olienhout. Wilde vye omdat hulle maklik is en vining groei en die Olienhoute wat hy by PE gegrawe het omdat hulle pragtige klein blaartjies maak. Hy het nie ’n gunsteling styl nie en eksperimenteer met alle style. Hy laat elke boom hom dikteer wat se styl hy die boom in moet maak.

As raad aan beginners sê Johan: ‘Leer by die meesters terwyl hulle nog by ons is. Hulle ervaring kan jy in geen boek lees nie’. Hy glo ook dat mens nie moet bang wees om ’n boom te snoei wat foute het nie. Die boom sal nooit regtig mooi wees nie. Snoei vroegtydig anders mors jy net tyd.

Johan sê dat Charles en Org die meeste invloed op hom het in die beoefening van bonsai. En dan op kleiner bome het hy baie van Erika en oom Theuns geleer. Johan laat nog bome vrek, en weet baie keer nie eers waarom nie. Maar hy sê Charles het hom geleer dat ’n goeie bonsai kweker ook ’n goeie bonsai begraafplaas het.

Johan se strewe is om werklik mooi bome wat skou gehalte is te kweek. En net miskien eendag, na nog baie ervaring, dalk ’n meester kan wees wat ander kan leer.

Hy het ’n droom dat die kai eendag sy eie klubhuis en grond kan hê. ♣

Inheemse Suider Afrikaanse boom geskik vir Bonsai—Adansonia Digitata

Die Kremetartboom. (Adansonia Digitata) 'Baobab'.

Van die 8 Adansonia spesies kom net die Adansonia Digitata in Afrika voor. In Suidelike Afrika kom hy voor in Suid Afrika, Botswana, Namibië en Mosambiek. Die Kremetart groei tot 'n hoogte van 10 – 22m maar die indrukwekkendste kenmerk is die massiewe breë en dik stam wat 'n omtrek van by die 15m kan haal. Daar is ook vasgestel dat die Kremetart meer as 1000 jaar oud kan word.

As Bonsai:

Die Kremetart kan maklik van saad gekweek word deur kookwater oor die saad te gooi en dit daarna te plant. Steggies kan ook gebruik word maar dit is 'n moeilike proses want die steggies vrot maklik agv die hoë vog inhoud daarin. Dit moet liefs bo-op die grond op klippies gestut word en die grond moet net klam gehou word.

Sodra die pit ontkiem of die steggie gevat het, moet dit in 'n groot houer in grond met baie sand en kompos geplant word. Goeie dreinering van water is van kardinale belang en daarom moet die grond baie sanderig wees. Die grondmengsel wat aanbeveel word vir die groeiende Kremetart bestaan uit 3 dele kompos, 2 dele sand, 1 deel leemgrond, beenmeel en superfosfaat. Kremetarte verkies 100% sonlig van Oktober tot April. Hulle kwyn onder skadunet.

Geen water moet hoegenaamd in die rustende periode in die wintermaande gegee word nie. Dit sal die boom laat vrot en vrek. Die boom moet dus van die onverwagte reënbui in die winter beskerm word en liewer binneshuis gehou word.

Nadat die boom oorgeplant is mag dit vir twee weke ook geen water kry nie. Sodra die boom begin bot kan dit geleidelik water begin kry en as die boom vol uitgeloop is kan dit dieselfde hoeveelheid water as ander bome hanteer.

Wanneer Kremetarte oorgeplant word moet dit gebeur voordat blare gevorm word. Dit is gewoonlik teen die einde van Augustus. Die Kremetart maak 'n paar wortelknolle, of patats, wat weggesnoei moet word om dit in 'n bonsaipot te kan plant. Plant die wortelgesnoeide boom in droë grond of plaas die boom onderstebo in die son totdat 'n roof oor die rou plekke gevorm het. Die oorgeplante boom moet dan in die son staan en mag geen water kry nie. Dit neem ongeveer 14 dae vir 'n roof om in die droë grond oor die rou plekke te vorm. Sodra die boom begin uitloop kan dit geleidelik water begin kry al is dit eers na 4 weke.

Kremetarte kan vryelik gevoed word in die groei seisoen. Die boom kan deur die hele somer gesnoei word indien dit nodig sou wees. Takke moet deur die hele groeifase bedraad word anders groei dit weer reguit. Omdat die takke maklik insny merke maak is dit beter om die draad met raffia te bedek.

Om die stam en takke te laat verdik kan dit gekneus word, in alle rigtings gebuig word, met 'n rondepunt hamertjie gekap word of met 'n tangetjie gedruk word totdat die bas effens loskom. Wees egter versigtig vir ringbas. Snoeimerke word op 'n wonderbaarlike wyse deur die boom verwerk. Daar vorm 'n roof oor die snoeimerk en na drie jaar is dit nie moontlik om te sien waar 'n tak afgesny is nie.

Vervolg op bl 25

Inheemse Suider Afrikaanse boom geskik vir Bonsai—Adansonia Digitata

Waar ’n tak gevorm moet word kan ’ dwars snytjie deur die kambium gemaak word. Die snytjie verhinder die vloei van sap en dwing ñ ogie om uit te loop.

’n Goeie Kremetart moet vier of meer takke en ’n kroon hê. Die takke is meestal horisontaal met ’n afwaartse wending aan die punte. Die fokuspunt van die Kremetart is sy massiewe stam met ’n kleinerige trossie blare as die kruin. Die swaar takke buig uit die stam uit en vertak en verdun gou.

Kremetarte is manlike bome wat hoekige, bonkige potte verdien. Die diepte van die pot kan meer wees as wat die stamdikte regverdig. Die kleur moet donkerder as die stam wees in aardse bruine of gryse.

Kremetarte is redelik pesvry. Sagte swart luise op jong takke kan met gif bespuit word.

Artikel geneem uit ’n simposium oor bosveldbome. Hierdie deel deur Koos Le Roux en Johan Ras. ♣

Bo: Die eienaar van hierdie pragtige Kremetart is **Hennie Smit**. Die foto is geneem by die ‘South African Convention’ gehou in September 2009.

FERTILISER + WATER + WARMTH + LIGHT + DRAINAGE = **GROWTH**

Bonsai Kalender — Deur Francois van As

Wat doen ons in Januarie en Februarie?

- Watertoediening bly ons hooftaak tot aan die einde van die somer. Bome in vlak potte mag twee maal per dag water nodig hê.

- Die beste tyd om Vye te ontblaar is van Desember tot middel Januarie. Die rede waarom ons die boompies ontblaar is om blaargrootte te verklein. Indien die blare aan die begin van die groeiseisoen verwyder word sal dit geen effek op grootte hê nie, om die waarheid te sê kan hulle moontlik groter as die oorspronklike blare groei. 'n Ander rede vir ontblaring is verfyning. 'n Verfynde vy het eenvormige blaargrootte. Al die blare word aan die einde van Desember verwyder wat genoeg tyd laat vir die teruggroei van nuwe blare voordat groei begin afneem hoe nader ons aan herfs kom.

- In droë weersomstandighede kan die loof van bome wat onder rooispinnekop deurloop ook natgemaak word. Dit is 'n effektiewe manier om van die pestelensies ontslae te raak. Hou maar 'n oog op enige ander peste soos plantluise en ruspes wat nou aktief is en behandel vroegtydig.

- In ekstreme son moet die meer sensitiewe bome beskerm word teen die skroei van blare. Skuif hierdie bome na meer skaduryke areas.

- Hou aan om lang lote te snoei. Bome wat hard teruggesnoei word moet ook in 'n skaduryke area geplaas word.

- Bedrading kan gedoen word maar wees bedag daarop om nie onverharde hout te beskadig deur die bas en kambium af te skraap nie. Die draad kan ook maklik insny aangesien die bome steeds verdik.

- Voeding is steeds belangrik en vloeibare voedingstowwe kan 'n goeie idee wees.

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.